higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

MENSLIKE EN SOSIALE ONTWIKKELING
NKR VLAK 4

(5050104)

16 November 2023 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

072Q1N2316

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
MENSLIKE EN SOSIALE ONTWIKKELING
NKR VLAK 4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
3. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
4. Gebruik slegs 'n blou of swart pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.20) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Die lewensloop van alle mense is dieselfde. Dit begin by geboorte en eindig met …

A volwassenheid.
B sterfte.
C hoë ouderdom.
D laat volwassenheid.

1.2 … het teorieë oor sosio-affektiewe ontwikkeling ondersoek.

A Piaget
B Vygotsky
C Bowlby
D Einstein

1.3 … het teorieë oor kognitiewe ontwikkeling ondersoek.

A Kohlberg
B Piaget
C Gilligan
D Fowler

1.4 … verwys na aspekte wat met spiere, vel en been verband hou.

A Kognitief
B Geestelik
C Gedrag
D Fisies

1.5 Die eerste fase van die lewensiklus is …

A prenatale lewe.
B postnatale lewe.
C voor bevrugting.
D kleinkinderjare.

1.6 … aksies is bewegings waaroor ons nie beheer het nie.

A Onwillekeurige
B Willekeurige
C Outomatiese
D Impuls-

1.7 Enige biologiese eienskappe is die gevolg van 'n persoon se …

A besluite.
B gene.
C gesondheid.
D hart.

1.8 Dinge in die omgewing wat ons aanmoedig om te beweeg, staan bekend as …

A mylpale.
B persepsies.
C stimuli.
D vaardighede.

1.9 … is bedoel om babas te beskerm en hulle het nie beheer daaroor nie.

A Fyn motoriese vaardighede
B Groot motoriese vaardighede
C Neurone
D Reflekse

1.10 Om sonder ondersteuning te kan sit, is 'n … wat 'n baba teen die ouderdom van vier maande moet bereik.

A mylpaal
B refleks
C onwillekeurige aksie
D stimulus

1.11 … motoriese vaardighede ontwikkel gewoonlik later in 'n mens se lewe.

A Groot
B Fyn
C Sterk
D Refleksiewe

1.12 Motoriese vaardighede ontwikkel die meeste tussen die ouderdomme van …

A 1 en 5 jaar.
B 5 en 20 jaar.
C 20 en 25 jaar.
D 25 jaar en ouer.

1.13 … is die mooiste kleur vir pasgebore babas.

A Blou
B Geel
C Groen
D Rooi

Kopiereg voorbehou

1.14 Die … versorger is die volwassene wat die baba vashou, voer en skoonmaak en wat grootliks vir die baba verantwoordelik is.

A sekondêre
B volwasse
C primêre
D senior

1.15 … ontwikkeling is die toenemende vermoë om inligting te interpreteer en herken.

A Morele
B Sosiale
C Fisiese
D Kognitiewe

1.16 … beteken om sensoriese inligting te interpreteer.

A Diskriminasie
B Evaluering
C Geheue
D Persepsie

1.17 Om te huil, glimlag en te lag is … vorme van kommunikasie.

A nieverbale
B verbale
C fisiese
D kognitiewe

1.18 … het die Proksimale Ontwikkelingsone ontwikkel.

A Erikson
B Piaget
C Vygotsky
D Fowler

1.19 Fowler se fase waar mense begin om die wêreld te sien soos dit werklik is, staan bekend as die … fase.

A verligtings-
B konvensionele
C reflektiewe
D voorspellings-

1.20 Moraliteit se betekenis verskil van mens tot mens en dit is dus …

A absoluut.
B relatief.
C definitief.
D presies.

(20 × 1) **[20]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Kies die korrekte term vanuit dié in hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.1–2.20) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 'n Persoon se intelligensie (word/word nie) beïnvloed deur individuele ervarings (nie).

2.2 Iemand met 'n hoë (IK/EK) ken hul emosies en kan dit beheer.

2.3 Om selfkennis te hê en selfgemotiveerd te wees, is sommige van die eienskappe van (sosiale/persoonlike) bevoegdheid.

2.4 Die vermoë om empatie te toon, is kenmerkend van (sosiale/persoonlike) bevoegdheid.

2.5 Tydens (uitkomsgebaseerde/tradisionele) onderwys dra die onderwyser inligting aan die leerders oor met behulp van handboeke en die leerder absorbeer die inligting passief.

2.6 Met (tradisionele/uitkomsgebaseerde) onderwys word die holistiese benadering gevolg.

2.7 In (uitkomsgebaseerde/tradisionele) onderwys behels assessering toetse en eksamens wat een of twee keer gedurende 'n kursus afgelê word.

2.8 Uitkomsgebaseerde onderwys (bevorder/bevorder nie) lewenslange leer (nie).

2.9 (Uitkomsgebaseerde/Tradisionele) onderwys het ten doel om onderwysers te stimuleer om kreatief met die kurrikulum om te gaan.

2.10 Die vermoë om doeltreffend in 'n groep saam met ander te werk, is 'n (kritiese/ontwikkelings-) uitkoms.

2.11 Kwalifikasies moet deur (NKR/SAKO) gekontroleer word vir akkreditasie.

2.12 Die eerste jaar van 'n TBOO-kollegekwalifikasie is gewoonlik op NKR Vlak (2/3).

2.13 (Keuse-/Kern-) leer verwys na die verpligte vakke wat afgehandel moet word om 'n kwalifikasie te voltooi.

2.14 Suid-Afrika se (Advokatuur/Grondwet) gee aan elkeen die reg tot onderwys.

2.15 Witskrif (5/6) spreek kwessies aan soos gelyke en voldoende toegang tot vroeëkinderjareontwikkelingsentrums vir alle kinders in Suid-Afrika.

2.16 Gemeenskaps- (netwerke/hindernisse) kan gemeenskapslede saambind om mekaar te help.

2.17 (Stelselmatige/Basislyn-) assessering is om die prestasie van die onderwysstelsel oor die algemeen te monitor.

2.18 Leeruitkomste (kan/kan nie) aangepas word vir leerders met spesiale behoeftes (nie).

Kopiereg voorbehou

2.19 Die hoofdoel van assessering moet wees om leerders se (vordering te monitor/punte vas te lê).

2.20 (Vormings-/Basislyn-) assessering sal help met die beplanning van leerprogramme.

(20 × 1) **[20]**

VRAAG 3

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (3.1–3.20) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1 EK-toetse word gebruik om leerprobleme op te spoor en aan te spreek.

3.2 In UGO ('OBE') is leer belangriker as onderwys.

3.3 Witskrif 5 beoog om 'n soliede grondslag vir kinders te lê ten opsigte van hul onderrig.

3.4 Kinders wat vroeëkinderjare-onderwys ontvang wat van goeie gehalte en ondersteunend is, sal meer waarskynlik doeltreffend in 'n groep saam met ander kan werk.

3.5 'n Buigbare kurrikulum kan leerprobleme veroorsaak.

3.6 As leerders hul entrepreneuriese geleenthede ontwikkel, sal dit hul waardigheid opbou.

3.7 Vormingsassessering gee 'n algehele prentjie van 'n leerder se vordering op 'n gegewe tydstip.

3.8 Werkskedules is beperk tot 'n graad of 'n jaar en kan dus nie by leerders se behoeftes aangepas word nie.

3.9 Die wettige minimum skoolverlatingsouderdom in Suid-Afrika is 16 jaar.

3.10 Een voorgeskrewe kurrikulum word in alle Suid-Afrikaanse openbare skole gebruik.

3.11 Kritiese denke is om 'n situasie en die uitkomste daarvan te ontleed.

3.12 Vir 'n argument om as geldig beskou te word, moet dit deur bewyse ondersteun word.

3.13 Oop vrae vereis dikwels 'Ja'- of 'Nee'-antwoorde.

3.14 'n 'SWOT'-analise kan mense in ondernemings help om swakhede en sterkpunte in die werksplek te identifiseer.

3.15 Met informele onderwys is onderwysers en leerders betrokke in dialoog en gesprekke.

3.16 'n Oorredende persoon is iemand wat ander mense in hul sienswyse laat glo.

3.17 Die taal wat jy tydens 'n argument gebruik, sal nie jou gehoor beïnvloed om jou sienswyse te glo nie.

Kopiereg voorbehou

3.18 'n Geslote vraag benodig 'n uitgebreide antwoord.

3.19 Emosionele taal kan baie oorredend wees want jy sê vir jou gehoor hoe hulle moet voel.

3.20 Die Smith-verwysingstelsel word wêreldwyd gebruik.

(20 × 1) **[20]**

TOTAAL AFDELING A: 60

AFDELING B

VRAAG 4

Susan wil navorsing oor inklusiewe onderwys in Suid-Afrika doen. Sy wil die voor- en nadele van inklusiewe onderwys vir kinders met spesiale behoeftes en hul ouers/versorgers bepaal.

4.1 Noem VIER vaardighede wat Susan moet hê om inklusiewe onderwys in Suid-Afrika krities te evalueer. (4)

4.2 4.2.1 Verduidelik die term *spesiale behoeftes*. (2)

4.2.2 Gee DRIE voorbeelde van spesiale behoeftes. (3 × 2) (6)

4.3 Stel 'n 'SWOT'-analise op vir die inklusiewe onderwysstelsel in Suid-Afrika om die sterk- en swakpunte daarvan, geleenthede en bedreigings te evalueer. (4 × 2) (8)

4.4 Verduidelik die betekenis van die volgende terme:

4.4.1 Emosionele taal

4.4.2 Oordrywing

4.4.3 Retoriese vraag

4.4.4 Redenering

(4 × 2) (8)

4.5 Voorspel die uitwerking wat dit sal hê op onderwys vir kinders met spesiale behoeftes as inklusiewe onderwys afgeskaf word. (2 × 2) (4)

4.6 Gee DRIE maniere hoe 'n onderwyser 'n leerder met spesiale behoeftes in 'n hoofstroomklaskamer kan ondersteun. (3 × 2) (6)

4.7 Bespreek waarom emosionele intelligensie belangrik in die alledaagse lewe is. (2)

[40]

VRAAG 5

5.1 Verduidelik hoe jy die twyfel-en-glospeletjie sal gebruik om ouers te oorreed dat hul kinders 'n gebalanseerde dieet by die huis moet volg. (6)

5.2 Verduidelik kortliks die hoofverskil tussen *kritiese intervakuitkomste* ('critical cross-field outcomes') en *ontwikkelingsuitkomste*. (2 × 2) (4)

5.3 Waarom is dit belangrik om die volgende kritiese intervakuitkomste ('critical cross-field outcomes') vir leerders te leer?

5.3.1 Leerders moet wetenskap en tegnologie doeltreffend en krities kan gebruik terwyl hulle verantwoordelikheid teenoor die omgewing en ander se gesondheid toon.

5.3.2 Leerders moet in staat wees om doeltreffend saam met ander in 'n groep te werk.

(2 × 2) (4)

5.4 Evalueer die belangrikheid van kritiese denke by jong kinders. (2 × 2) (4)

5.5 Verduidelik waarom jy dink dis belangrik vir 'n onderwyser om 'n rolmodel vir jong kinders te wees. (2 × 2) (4)

5.6 Verduidelik die belangrikheid van 'n gesonde sentrale senuweestelsel. (2 × 2) (4)

5.7 Definieer die volgende terme:

5.7.1 Ouditiewe stimuli

5.7.2 Gedragsvermoë

(2 × 2) (4)

[30]

VRAAG 6

Die Britse sielkundige, John Bowlby, het die gehegtheidsteorie ontwikkel. Hy het geglo dat gehegtheid aan 'n versorger van die uiterste belang vir babas in stresvolle situasies is.

6.1 Voltooi die tabel hier onder deur slegs die korrekte antwoord langs die vraagnommer (6.1.1–6.1.6) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

Gehegtheidstyl	Eienskappe van kind	Eienskappe as kind groot is
Veilige gehegtheidstyl	6.1.1	6.1.4
Vermydingsgehegtheidstyl	6.1.2	6.1.5
Ongeorganiseerde/dubbelsinnige gehegtheidstyl	6.1.3	6.1.6

(6 × 1) (6)

6.2 Evalueer hoe 'n negatiewe moeder-kindband 'n kind ten opsigte van die volgende kan affekteer:

6.2.1 Emosionele ontwikkeling

6.2.2 Sosiale ontwikkeling

6.2.3 Kognitiewe ontwikkeling

(3 × 2) (6)

6.3 James Fowler het 'n boek genaamd *Stages of Faith* gepubliseer. In hierdie boek het hy sy teorie oor geestelike ontwikkeling voorgestel. Volgens Fowler, is oergeloof die eerste fase van geestelike ontwikkeling.

6.3.1 Bespreek die uitwerking van 'n kind se verbeelding op hul geestelike ontwikkeling. (2 × 2) (4)

6.3.2 Bespreek DRIE moontlike effekte wat die insluiting van godsdiens in die kurrikulum op voorskoolse kinders kan hê. (3 × 2) (6)

6.3.3 Onderskei tussen *godsdiens* en *geloof*. (2)

6.4 Rangskik die volgende IK-klassifikasies vanaf die laagste IK tot die hoogste IK:

Middelmatig begaafd; middelmatig verstandsgestremd; grensgeval verstands-gestremd (3)

6.5 Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae:

Thandi was in 'n motorongeluk in haar Graad 10-jaar. Sy sukkel om te loop en om die letsels aan haar bene te aanvaar. Die skool wat sy bywoon, het baie trappe en sy sukkel om by haar klasse uit te kom.

6.5.1 Gee voorstelle vir wat die skool kan doen om dit makliker vir Thandi te maak om haar klasse by te woon. (2 × 2) (4)

6.5.2 Dink jy Thandi kan geklassifiseer word as 'n leerder met spesiale behoeftes? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1 + 2) (3)

6.5.3 Verduidelik hoe Witskrif 6 van toepassing op leerders soos Thandi is. (2)

6.6 Onderskei tussen *tersiêre onderwys* en *algemene onderwys*. (2 × 2) (4)

[40]

VRAAG 7

UGO ('OBE') word as 'n alternatief tot die tradisionele onderwysstelsel beskou.

7.1 Gee TWEE oogmerke van uitkomsgebaseerde onderwys. (2 × 2) (4)

7.2 Verduidelik, in jou eie woorde, die betekenis van die volgende beginsels wat deur die kurrikulum omhels word:

7.2.1 Duidelikheid en toeganklikheid

7.2.2 Hoë vaardigheidsvlakke en kennis vir almal

(2 × 2) (4)

7.3 Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae:

Sipho is 14 jaar oud en 'n Graad 8-leerder aan Hoërskool Bonang. Hy geniet skool, woon al sy klasse by en neem deel aan klasbesprekings. Sipho se ouers is werkloos en plaas druk op hom om die skool te verlaat en te gaan werk. Hulle verwag dat hy finansieel vir die gesin moet sorg sodra hy 'n werk kry. Sipho is ongelukkig oor hul verwagtings en besluit om 'n skoolonderwyser in sy vertroue te neem en raad te vra.

7.3.1 Tot in watter graad is skool wettiglik verpligtend vir leerders in Suid-Afrika? (1)

7.3.2 Dink jy Sipho se ouers tree in sy beste belang op deur van hom te verwag om skool te verlaat? Gee DRIE redes vir jou antwoord.
(3 × 2) (6)

7.3.3 Evalueer die belangrikheid daarvan om 'n Graad 12-sertifikaat te behaal. (3 × 2) (6)

7.3.4 Gee TWEE oplossings wat die onderwyser aan Sipho se ouers kan voorstel om die probleem op te los. (2 × 2) (4)

7.3.5 Gee TWEE optredes wat die skool kan neem om Sipho te help.
(2 × 2) (4)

7.4 Watter EEN van die volgende stellings (A–C) beskryf die belangrikheid van sosialekwosiëntontwikkeling in Suid-Afrikaanse kinders? Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–C) langs die vraagnommer in die ANTWOORDBOEK neer.

A Kinders raak slim oor verhoudings.

B Kinders raak slim oor emosies.

C Kinders raak slim oor geloof. (1)

[30]

TOTAAL AFDELING B: 140
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou